

Kammaland – m en n:

Goeiedag maatjie! Is jy reg om weer vandag in Kammaland te gaan kuier? Vat mamma, pappa of jou teddiebeer se hande en maak jou ogies toe. Kom ons draai in die rondte. Een, twee, drie en stop! Maak oop jou ogies en gaan sit sommer net daar waar jy is.

“Welkom maatjie! Ek is so bly dat jy vandag weer vir ons kom kuier hier in Kammaland! Is jy reg om nog ‘n nuwe klankie aan te leer?” vra Willie padda. “Maar voor ons kan begin, kan jy nog onthou met watter klankies begin my en Vinnie vis se name? Vertel gou vir mamma. Mooi so, jy is darem baie slim! Ons maatjie, Manie, gaan vandag vir jou ‘n nuwe klankie leer. Is jy reg? Kom ons roep vir Manie!”

“Hallo maatjie, dit is lekker om jou te ontmoet! Ek is Manie die haas. Ek is ‘n seuntjie haas en ek is mal daaroor om rond te hop! Hop so bietjie saam met my!”

“Sjoe Manie, ek dink julle het nou genoeg gehop. Die maatjie wag dat jy vir hom of haar ‘n nuwe klankie leer.”

“Maar Willie, ek weet nie wat is ‘n klankie nie, weet jy wat is ‘n klankie maatjie? Al waarvan ek hou is om hier op my klip te sit en dan af te spring. Kom ek wys julle! Ek spring bo van die klip af, reguit tot op die grond, dan hop ek een keer en dan nog ‘n keer. Kyk sol!”

“Maar Manie, daar leer jy vir die maatjie die klankie waarmee jou naam begin. Die m vir Manie. Jy skryf hom net soos wat jy gespring het Manie! Reguit af tot onder en dan een hoppie en nog ‘n hoppie.”

“Haai Willie, daar het ek nou ook vandag iets geleer!”

“Manie, wag ek sien iets daar agter die klip. Wat kan dit wees? Dis so klein en wollerig!”

“Dit is net my sussie Nettie wat daar wegkruip! Sy is vreeslik skaam, toe sy hoor julle roep my het sy vinnig daar gaan wegkruip. Nettie, jy kan maar uitkom, hoor! Dit is net Willie en ons nuwe maatjie!”

“O o o, ok Manie. Hallo Willie en die nuwe maatjie. Mmmy naam is Nettie. Ek is Manie se klein sussie. Ek is bietjie skaam.”

“Jy hoef nie skaam te wees nie Nettie, die maatjie is baie vriendelik. Ons het die klankie geleer waarmee my naam begin. Wil jy sien? Kom maatjie vertel gou vir Nettie hoe het ek gespring!”

“Ek dink ek gaan ook nou probeer om jou klankie te spring, Manie. Sjoë, dis bietjie hoog hier op die klip. Ek gaan nou reguit af spring en dan een keer hop en.... Eina Manie, daar val ek op my neus!”

“Siestog Nettie is jy ok? Jy het so mooi van die klip af gespring en een keer gehop, maar toe val jy op jou neusie.”

“Manie en Nettie, raai wat! Nettie het nou net die klankie gemaak waarmee haar naam begin. Die n vir Nettie. Sy het af grond toe gespring en net een keer gehop. Maatjie, probeer nou Nettie se klankie in die lug skryf! Jy moet nou Manie en Nettie se klankies baie mooi gaan oefen saam met mamma.”

“Dankie maatjie dat jy vir my en Nettie so mooi gehelp het om klankies te leer. Ons sien jou weer volgende keer.”

“Totsiens maatjie!”

Vat nou weer mamma, pappa of teddie se hande, maak toe jou oë en draai in die rondte. Een, twee, drie! Maak nou oop jou oë en onthou om jou nuwe klankies te oefen.

